



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

NOVEMBER 2014 Nr 56

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Leierskap, as die jare aanstap

Daagliks is daar leiers in die politiek, sakewêreld en die kerk wat ouer word en aftree. Oor die volgende paar jaar gaan verseker een van die grootste groep predikante aftree. Daar is 'n soort van 'n vervaldatum wat niemand ontkom nie.

Die meeste van die tyd koppel ons hierdie aftreedatum aan ons ouderdom. Ed Stetzer skryf onlangs dat dit heel moontlik een van die grootste denkfoute, ook vir die kerk, is. Hy meen as jou visie vir die bediening en nie jou ouderdom vervaag, dan tree jy af. Dan tree jy uit en maak plek vir iemand, nie noodwendig altyd jonger nie met 'n lewende visie. Daarom kan jy jou leierskap nie net verbind aan ouderdom of selfs gesondheid nie. Ouer persone se leierskap word meestal deur vrees gedryf - die vrees vir mislukking. Die klem is op die "klaarmaak" en nie op die "goed klaarmaak" nie. "Ek gaan nie nou iets doen of begin wat die appelkar gaan omgooi nie – ek moet net my aftreedatum haal."

Die wonderlike is dat dit nie so hóéf te wees nie. Hóé ouer 'n mens word, hóé meer verander jou leierskap. Een so 'n eienskap is om in jonger leiers te belê, dit wil sê, die aangee van verantwoordelikheid en mentorskap. 'n Baie mooi Engelse verwoording is die sogenaamde, *Reaching out or hanging on*. Dit beteken bloot dat ek óf vashou aan wat ek het, óf uitreik na 'n nuwe jonger geslag wat by my gaan oorneem, of ek dit wil weet of nie!

Die volgende uiteensetting is 'n breë, maar raak beskrywing van fases in leierskap:

- in jou twintigerjare leer jy;
- in jou dertigs eksperimenteer jy;
- in jou veertigs vestig jy jou leierskapstyl;
- in jou vyftigs lei jy optimaal;
- in jou sestigs maak jy seker dat dit wat jy geleer het, jy kan aangee; en
- in jou sewentigs, vestig jy jou nalatingskap.

Mag ons elkeen aan die hand van ons visie lei... mag ons ná ons ouderdom lei.

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

16 – 18 MAART 2015

"Gebou om te hou" (Reeks werkwinkels om die uitdagings van die bediening die hoof te bied) Vier blokke word deur kenners, elk van hul vakgebied, aangebied:

Blok 1: *Die 'Toolbox' van 'n Veerkragtige Leraar*

Aanbieders: Drs Annette Prins, Annette Wyers, Ronel van der Watt en mev Rozanne Raath

Plek: BloemCare Konferensiesentrum – Langenhovenpark, Bfn

VBO-Punte: 20 per blok (Totaal 80)

Voorlopige registrasie: SMS D54582 en u naam na 31029

2 – 3 FEBRUARIE 2015:

Teologiese dag en gesprek met Fakulteit

Tema: *Die predikant in die wêreld en die wêreld van die predikant*

Plek: UV-Kampus

VBO-punte: 20

Registrasie: SMS D54675 en u naam na 31029

9 – 11 FEBRUARIE 2015:

Sertifikaat in Bedieningsvernuwing:

Groep 2, Module 1

Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan

Aanbieders: Rian Venter & Gerhard Botha

Plek: Parys

VBO-punte: 20

20 – 22 APRIL 2015

Groep 2, Module 2

Gemeentes – Waar is ons? Waar sou ons kon wees?

Aanbieders: Kobus Schoeman en Gerhard Botha

Plek: Parys

VBO-punte: 20

19 – 21 OKTOBER 2015

Groep 2, Module 3

God? Dit gaan oor God! – Maar nie sommer enige God nie...

Aanbieder: Rian Venter

Plek: Parys

VBO-Punte: 20

Inskrywings nou oop vir die 2de groep om deel van hierdie opwindende kursus te wees.

LW: Hierdie modules word te Parys, VS aangebied.

Voorlopige registrasie: SMS D82537, u naam en e-posadres na 31029



Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.